Die Voortrekker Beweging: 80jarige gala geleentheid

15 September 2011

Die Voortrekkers, ‘n Afrikaner kultuurbeweging, het in 2011 hul 80jarige bestaansjaar gevier. Die hoogtepunt van die feesprogram was die gala geleentheid by die Voortrekkermonument.

Ons het die voorreg gehad om ook hier ons passies te kan maak.

Een van die danse was die wals en is uitgevoer op die musiek van Ta Mossie se sakkie boeredans soos geskryf deur Anton Goosen en gesing deur Sonja Herholdt.

Die Beweging het tydens die geleentheid die Penning vir uistaande Jeugdiens – Goud aan Anton oorhandig vir sy bydrae tot Afrikaans en die Afrikaanse musiek genre.

‘n Voorreg om hierdie man te ontmoet en dankie te kan sê vir die heerlike wals wat uit sy pen voortgevloei het. Ek en twee van die dogters, Albertien en Malienke, het na die funksie hierdie foto saam met die einste Anton Goosen geneem.